



1:100 Grondverdiepingplan

- houtdeknotas:
- Houtdek volgens spesialiskontraakteur.
 - Dekplank (ontwikkelaar se keuse) op gegalvaniseerde geverfde staal raamwerk en balke teen maksimum 450mm hoh spasiering en 76x76mm gegalvaniseerde geverfde staalkolomme soos aangetoon en nodig - beperk spanne sover moontlik tot maksimum 3000mm
 - Betonvoetstukke - minimum 700x250mm - 15 Mpa beton.



1:100 Snit A-A



1:100 Snit B-B

Spesifikasie & Afwerkings:

a1. Dakkonstruksie :
"Charcoal" Chromadek S-Profiel gegolfd sink dakplaat op 76 x 50mm daklatte teen maksimum 1200mm hoh spasiering op double sided" Radenshield isolasie membraan op voorafvervaardigde "gangnaal" dakkappe en drabalke (oop stoepe) teen maksimum 1200mm hoh spasiering op 114 x38mm muurplate bevestig met gegalvaniseerde hoepels wat ingebou is in mure (en kolomme op oop stoepe) minimum 10 steenlae.
Dakhelling = 40 grade en 11 grade
a2. Fondasies: Orals 15Mpa beton (minimum afmetings) 230 en 270mm mure - enkelverdieping : 230 x 700mm 110mm (verdikings in betonvloer) : 150 x 400mm dubbelverdieping mure : 250 x 800mm 230mm skermure : 230 x 700mm betonvoetstukke : 700 x 700 x 450mm
a3. Fondasiemure : (soos van toepassing)
Waar fondasie mure 1,2m oorskry moet hierdie mure minimum 340mm wyd gebou word.
a4. Mure: Alle buite- sowel as binnemure glad gepleister met 'n staaltroffel en gebou van kleisteen 1:5 sement : sandmengsel - "brickforce" elke 5 lae - 375 mikron vogweelag.

a5. Grondvloerblad :
100mm, 15Mpa, betonblad met maasbewapening verw. 195 op 250 mikron gunplas op goedgekeurde vulling gekompakteer in lae van maksimum 150mm met 25mm vlaklaag - teëls en matte.
a6. Plafon en isolasie materiaal :
a6.1 Plafon:
Nutec of 6,4mm Rhinoboard plafon teen 38 x 38mm latte teen maksimum 400mm hoh spasiering teen kappe gespyker. Motorhuis het geen plafonne nie.
a6.2 Isolasiemateriaal:
75m Aerolite "think pink" isolasie materiaal bo-op plafon.
a7. Plaveisel:
60mm Betonplaveisel op 30mm sandbedding op goedgekeurde gekompakteerde vulling aangebring, sodat water wegdreiner van die gebou na straat en in die tuin.
a8. Deure en Vensters:
Doelgemaakte aluminium vensters, ventilasie, sierroosters en skuifdeure. Alle buitedeure, binne- en buite deurrame van meranti of soortgelyke hardhout met 'n drupel. Binnedeure - 2 klawerslotte en buitedeure - 3 klawerslotte Deurhandvatsels volgens eienaar se keuse.

a9. Glas:
Volgens SABS voorskrifte - veiligheidsglas waar vereis om te voldoen aan die nasionale bouregulasie - SANS 10400-N, SANS 204 en SANS 10400-XA.
a10. Vensterbanke:
Vensterbanke buite - gevorm met val na buite van gladde pleister en waterdig gemaak - 250 mikron vogwering.
a11. Trappe:
Trappe moet opstap van maksimum 200mm en 250mm tree orals - afgewerk met glijpvy teëls.
a12. Pleisterbande:
85mm Wye geverfde, pleisterbande rondom alle deure, vensters en skuifdeur soos aangetoon in aansigte.
a13. Geute en afleipyppe:
"Watertite" of soortgelyke aluminium geute en afleipyppe.
a14.1 Verfkraak: 85mm Wye geverfde, pleisterbande rondom alle deure, vensters en skuifdeur soos aangetoon in aansigte.
a14.2 Die verfkraak moet alle voorskrifte van die verfkraak volg.
a14.3 Finale lys van kleure moet uitgeklaar word met die eienaar.

a15. "SANS 10400-XA" - "energy efficiency in buildings":
Hierdie gebou is ontwerp om te voldoen aan die volgende:
• "orientation and shading" - SANS 204 - eienaar se voorskryfte.
• "fenestration" - SANS 10400-XA
• "roof assembly construction (insulation)" - SANS 10400-XA
• "energy consumption and demand" - SANS 10400-XA
• "hot water system" - SANS 10400-XA
Hierdie tekening moet saam met die berekening van dokument no. 1630-10400 gebruik word.
a16. "SANS 10400-A - Schedule A":
Skedule A van die SANS 10400-A vorms wat uitgereik is vir hierdie projek, moet saam met hierdie tekening gebruik word. Die kontrakteur moet voldoen aan die vereistes van hierdie regulasies B,C,F - H, J, L, N - P, R, T, en XA.

Riool Notas:

b1. Geen reënwater of stormwater mag in die dreineringsstelsel ingelei word nie.
b2. Inspeksiekamers moet van 215mm steenwerk en 150mm beton basis gebou wees en moet die volgende afmeting hê: tot 1m diep 600 x 450mm en dieper as 1m moet 900 x 600mm wees.
b3. Inspeksiekamers moet vergroot word volgens die aantal aansluitings wat ingelei word.
b4. Alle werk moet uitgevoer word volgens die Munisipale Dreinerings en Bouregulasies.
b5. Alle hoogtes moet verbind word aan 'n betroubare verwysingspunt op grondhoogte naby die voorgrens van die perseel.
b6. Kontrakteurs moet alle afmetings vlakke en aansluitingspunte kontroller en bevestig voordat hulle kwoteer of met die werk begin.
b7. Riool onder deur die gebou moet omhul word in beton vir die volle lengte - minimum 150mm beton rondom pyp.

Stormwater Notas:

c1. Water sal nie gekonsentreer word op een punt nie, maar versprei word en weggelei word om te syfer in die tuin en na die straat toe vanaf die plaveisel en tuin.

Oppervlaktes:

Erf 16291, Oudtshoorn (gemerk figuur a,b, c & d)	
Erfgrootte:	143,10m ²
Woonhuis:	50,43m ²
Oop motorafdak:	18,60m ²
Totaal:	69,03m ²
Dekking:	48,24%
Oop hutdek:	8,23m ²
Erf 16292, Oudtshoorn (gemerk figuur a,d, e & f)	
Erfgrootte:	143,10m ²
Woonhuis:	50,43m ²
Oop motorafdak:	18,60m ²
Oop onderdak stoep:	6,58m ²
Totaal:	75,61m ²
Dekking:	52,84%

Design Centre

Design Centre and Associates
Architecture, Interior Design, Town Planning & Landscape Design
P. O. Box 2200, George 6530 - Fax: 086 676 1433
Cell: 083 599 2882 - Email: pleter@design-centre.co.za

Datum: Okt 2016
Verw. nr.: Karoo-Park
Skaal: 1 : 100
Tekening nr.: 1630/02

ANS - 270mm dik mure word beskou as spou mure en moet voorseen word met die nodige DPC rondom alle vensters, deure en oopings. Sowel as die syprange teen maks. 100mm hoh.

ANS - Hierdie plan en tekening draags is die eienaar van Pleters en DesignCentre en mag nie gepubliseer word sonder voorafgaande toestemming nie.

WYSIGINGS:

ANS - Die Kontrakteurs moet ten alle tye 'n volle set tekening op die terrein hou. Berekenings tantes moet voorkeur 'n bokant geskaalde mure.

ANS - Die Kontrakteurs is verantwoordelik vir die korrekte aflesing van die gebou op terrein met spesifieke verwysings na die grens- en boulyne.

TEKENING BESKRYWING:

Grondverdiepingplan
Snitte A-A & B-B

PROJEK BESKRYWING:

Voorgeselde nuwe skakelhuis op Erf 16291 en 16292, Karoo-Park, Rademeyerstraat, Oudtshoorn